

**Die Here begeer jou skoonheid**

Ons het hier met 'n Joodse troumars te doen. Dit is oorspronklik gedig vir die huweliksdag van een van die konings van Israel en sy prinses uit Tirus. Dit is 'n lied van die liefde, maar wat 'n opoffering word nie van hierdie nooientjie gevra nie! As die koning haar skoonheid begeer, moet sy haar volk verlaat, haar vaderhuis vaarwel sê en haar aan die koning oorgee. Hy het om haar hand gevra, en sy het "ja" gesê. Alles is tot in die fynste besonderhede gereël vir die groot dag. Die gaste is genooi, die spyskaart is saamgestel en 'n spesiale lied is selfs op bevel van die koning gekomponeer. Dan staan die bruid en bruidegom gereed. Sy het alles prysgegee vir haar koning!

Van die koning word ook verwag om opofferings te maak. Hy moet regverdig regeer. Hy moet veral omsien na die minderbevoorregtes. Die armes en weduwees se reg moet hy verdedig. So sal hy ook sy vrou, wat die mindere een is, kan liefhê.

Eindelik word die koning vir ons in soveel glans en gloed beskryf dat ons weet dat dit 'n verwysing na 'n hemelse koning is. Hebreërs 1:8 en 9 wys na Jesus Christus. Hy het as Koning gekom vir die reg van mense. Vir reg en geregtigheid was Hy bereid om selfs onreg te ly. Hy gee alles – betaal selfs met sy bloed en lewe vir sy bruid. Daarom word van my en jou verwag om alles prys te gee om Christus se bruid te kan wees.

Vir aardse regeerders moet ons respek en eerbied hê, maar dit is net vir die hemelse Koning wat ons alles moet gee. Hy het ons verlos en woon deur sy Gees in ons harte. Hy begeer jou skoonheid wat Hy aan jou gegee het toe Hy jou nuut gemaak het en met die goue klere van sy regverdige daad bekleed het. Hy vra dat jy Hom nou in volle oorgawe sal volg en diensbaar aan Hom sal wees as sy bruid. Hy verwag van jou 'n innige en tere gemeenskapsverhouding. Hy verwag dat jy daagliks sy liefde sal beantwoord. Hy begeer vandag jou skoonheid. Hy wag op jou antwoord! Sal jy sy liefde vir jou tog beantwoord?

*Sing: Psalm 45:9, 10*

*Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)*